

## **Sing vooraf staande: Psalm 49:6 (p. 249)**

- 6 Maar ná die dood, dan rys die dag vir my. / God sal my red, Hy koop my siel dan vry.  
Hy, die oorwinnaar in die laaste stryd, / neem my dan op in eewige heerlikheid.  
Vrees nie, wanneer 'n man se skatte groei, / wanneer sy huis in waarde en weelde bloei;  
want by die grens daar staan die dood, die wagter; / dié wys 'n graf, en – hy laat alles agter!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 84:5 (425)**

- 5 O God, ons skild, ons teëweer, / sien tog op u gesalfde neer,  
skenk hulp en heil aan Sions koning! / Een dag is in u huis my meer  
as duisend waar ek U ontbeer; / veel liewer is ek in u woning  
'n drumpelwagter, as gewend / aan yd'le vreugde in sondaarstent.

**Gebed**

## **Psalm 73:10 (p. 369)**

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –  
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.  
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,  
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

**Skriflesing: Nehemia 13**

**Teks: Nehemia 13:14-22; Kategismus Sondag 38**

In die vierde gebod gee die Here vir ons 'n bevel dat ons die sabbat heilig moet hou.

- Daar is baie klem daarop dat die dag spesifiek anders moet wees as enige weeksdag.
- Hierdie dag moet gekenmerk word deur die feit dat ons dit heilig hou.
- God het die dag geheilig en ons mag nie die karakter daarvan verander nie.

Die punt is net dat die Here sonde soos sabbatsontheiliging nie ongestraf laat bly nie.

- Nehemia verwyt die volk dat hulle moet onthou dat die Here al oor hulle stad 'n groot onheil gebring het as gevolg van hierdie soort van onverantwoordelikheid.
- Met hierdie soort sonde vererger hulle die toorn van die Here.

Daarom is die volgende dinge noodsaaklik:

**1. Die sabbatsgebod reël God se orde oor ons.**

**2. Die sabbatsgebod is 'n voorskou van die ewige lewe.**

**1. Die sabbatsgebod reël God se orde oor ons.**

Waarom moet die dag heilig gehou word? Die antwoord is dat hierdie dag vorentoe wys – na die lewe hierna waar ons in volmaaktheid saam met die Here gaan lewe. Hierdie simboliese betekenis van die dag word in Eksodus 31:12, 13 aan ons geopenbaar:

**Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig. Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit onheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit. Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit**

**wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die Here. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.** (Eksodus 31:12-15 AFR1953)

Dit gaan dus oor die verband wat daar is tussen ons en die ewige seën van die Here.

- Levitikus 16:30 (en Levitikus 23:32, 25) lê baie sterk klem op die versoening wat op dié dag tussen ons en die Here plaasvind.
- Dit wys al na die werk van die Messias toe wat as deel van sy versoening 'n tydperk van volmaaktheid tussen ons en die Here gaan skep.

Om die sabbatdag te heilig beteken dat ons hierdie dag aktief moet beplan.

- Maar nie met ons alledaagse werksaktiwiteite nie.
- Dit moet bestaan uit omgang met die Here.
- Daarom is die Bybelse opdrag baie duidelik:
  - Rus van al jou liggaamlike werk.
  - Dien God in Gees en in waarheid.

Die leiers van Israel het die sabbat ontheilig omdat hulle in hulle tyd lewenswaardes gehad het wat gemaak het dat hulle beginsels begin buig het.

- Met hierdie skewe waardes van hulle het hulle die volk in die moeilikheid in gelei.
- Hulle geld het 'n mag geword wat hulle allerhande onheilige dinge laat doen het op die sabbat.
  - Om te kon geld maak, moes hulle op die sabbat hulle parskuipe trap.
  - Om goeie geld te kon maak moes hulle produkte op die sabbat met hulle esels stad toe vervoer word.
  - Dieselfde was toe waar van hulle wyn en vrugte wat gereed was vir bemerking.

Om hierdie saak weer in die regte perspektief te kry het die Here die hele volk vernietig en hulle selfs laat wegvoer uit hulle land uit.

- Hy het 'n gedeelte van 'n nuwe geslag teruggebring.
- Met hulle het die Here weer voor begin – onder andere in die onderhouding van die sabbat.

Ons moet self van hierdie sonde tot bekering kom, want die Here sal nie huiwer om ons ook met verdelging te straf nie, want Hy het reeds gewys dat Hy dit baie maklik doen.

Ons leer uit die Bybel van dinge wat ons moet doen op die rusdag.

- Dit is dinge soos eredienste, katkisasie, Bybelstudie en gebed. (Dit staan geskryf in Deuteronomium 31:11, 12.)
- Dink daaraan dat Jesus die dag van die tempelreiniging gesê het: “My huis moet 'n huis van gebed genoem word.”

*Alles wat ons op die Sondag doen, moet daarvan getuig dat ons dankbaar is dat die Here ons sondes aan die Here Jesus gestraf het, en dat ons daarna saam met Hom uit die dood opgestaan het, en dat ons nou die ewige volmaaktheid kan afwag.*

Die Here het voorskrifte gegee oor hoe ons aan hierdie verwagting van die wederkoms en ons dankbaarheid moet uiting gee:

- Dit moet uitkom in ons sang, want ons moet die Here ook met ons musiek en sang loof.
- Dink aan Psalm 149 (berym):

**Sing tot Gods eer met lof en dank, 'n nuwe lied met nuwe klank.**

Of Psalm 150 wat sing van 'n juigend blye skare en van alles wat leef en beweeg wat saam met hulle die Here moet loof.

Die sabbat was ook die dag waarop die volk hulle dankoffers aan die Here moes bring.

- Onthou u nog Maleagi se woorde? Die Here het gesê:

**Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie. (Maleagi 3:10 AFR1953)**

Ons kan mos nie met leë hande na die Here toe kom nie.

- Daarom gee ons ook onder die erediens uit ons oorvloed aan die armes, sodat die Here ook hulle gebrek verlig.

Die rusdag wat deur die Here vasgestel is, verkondig aan ons dat die Here se seën ons volg – deur die dag; in die erediens, en veral met die oog op die dag wanneer ons die ewige rus ingaan as ons by die Here is.

## **2. Die sabbatsgebod is 'n voorskou van die ewige lewe.**

Daar is 'n bepaalde ritme in die lewe.

- Elke keer as jy die opdrag wat die Here vir jou gee, nie uitvoer nie, het dit gevolg wat op ander vlakke in jou lewe inslaan.
- As jy die reël van die sabbatdag breek, verval die res van jou lewe in chaos.
- Die reël van die sabbat is dat die dag bedoel is om die Here te aanbid, en om die hele dag so in te klee dat jy die eer van die Here soek – veral teen die agtergrond dat weksdae se werk ons aanbidding kan vertraag of verminder.

Hierdie dag se verbintenis met die Here moet so sterk word dat dit elke dag van ons lewe beheers – soos wat dit eendag in die hemel sal wees.

Die oomblik as hierdie opdrag in wanorde verval, naamlik dat ons nie meer die rusdag heilig hou nie, trek die Here net sy hand oor ons terug.

- Die Bybel leer nie verniet dat God die God van orde is nie.
- Daarom ontstaan daar op elke gebied waar ons sy orde versteur, wanorde.
- As ons Sondag sy heiligheid prysgee, loop dinge deur die week ook skeef, want dan skiet mense mekaar in die strate dood en beroof huise en verkrag mekaar, ens.

Daarom het ons as kerk van die Here die plig om toe te sien dat die Here se orde op die sabbat nagekom word.

- Mens kan net vrede bereik as jy die Here ken, en die ordebepalings wat Hy vasgelê het, nalewe.
- En as ons dit ook uitdra en vestig op al die mense wat die Here nie ken nie.

Almal wat op die Sondag getrou is met erediensbywoning, ontvang die seën van die Here. Hulle word onderrig in alles wat vir die Here belangrik is.

- Dit beteken dat hulle kennis oor die Here verbreed en dat hulle verhouding met die Here verdiep.
- Sulke mense is ook dié wat so baie krag uit die Here put dat hulle die krisis wat opduik, kan hanteer.
- Hulle is diegene onder ons wat rypheid en insig aan die dag lê as dit by die verstaan van ons tyd kom.

Het u al daaraan gedink hoe 'n groot gebeurtenis dit is as 'n hele kerk saam bid en saam sing tot eer van die Here? En wanneer hulle saam geseën word?

Ons moet die sabbat vier soos wat die Here Jesus dit gedoen het.

- Die Bybel leer ons dat dit sy gewoonte was om op die sabbat na die sinagoge toe te gaan.
- Dit moet ons gewoonte ook wees om saam te kom in die kerkgebou in die eredienste – want dan volg ons ons Here in sy gewoontes.

Jesus het kerk toe gegaan omdat Hy die Here daar ontmoet en aanbid het.

- Die betekenis van die aanbidding in die eredienste is dat dit vorentoe wys na die dag wanneer ons die ewige sabbat by die Here ingaan.
- Dit is die tydperk wanneer ons in die hiernamaals op die Nuwe Aarde gaan woon. Daar sal nie 'n tempel wees nie, want die Here is dan altyd by ons.
- Daar is ook nie weksdae nie, want dit is dan een ewige rusdag.

Terwyl ons nog op die aarde is, roep die Here ons met sy Heilige Gees om elke erediens by te woon.

- Hy wil met ons gemeenskap beoefen.
- Hy wil ons in hierdie samekomste leer en troos en vermaan.
- Hy wil ons veral seën.
- Kom daarom elke Sondag en woon die eredienste by.

Kom ons lees Kategismus Sondag 38 saam.

### **103. Vraag: Wat gebied God in die vierde gebod?**

**Antwoord:** Eerstelik, dat die kerkdienste of die predikamp en die skole onderhou moet word (a), en dat ek, veral op die sabbat, dit is op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom (b) om die Woord van God te hoor (c), die sakramente te gebruik (d), God die Here openlik aan te roep (e) en aan die armes Christelike liefdegawes te bring (f); ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk en so die ewige sabbat in hierdie lewe moet begin (g).

**Amen.**

Gebed

Slotpsalm 130:3, 4 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,  
gedurig deur die ure / met sy gedagte tel –  
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,  
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.

- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;  
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.  
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry  
van ongeregthede. / HEER, doen ook so aan my!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

**Dr MJ du Plessis**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**Datum: 10 Oktober 2010**

- (a)  
Tit 1:5 Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het -  
II Tim 3:14 Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,  
I Kor 9:13, 14 Weet julle nie dat die wat met die heilige dinge werk, uit die heiligdom eet nie; en dat die wat by die altaar besig is, met die altaar deel nie? So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe.  
II Tim 2:2 en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer.  
II Tim 3:15 en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus.
- (b)  
Ps 40:10, 11 Ek het 'n blye boodskap van geregtigheid in die groot vergadering verkondig; kyk, my lippe bedwing ek nie. HERE, U weet dit. U geregtigheid bedek ek nie binne-in my hart nie; van u trou en u heil spreek ek; u goedertierenheid en u trou verberg ek nie vir die groot vergadering nie.  
Ps 68:27 Loof God, die Here, in die vergaderinge, julle wat is uit die fontein van Israel!  
Hand 2:42 En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede.
- (c)  
I Tim 4:13 Totdat ek kom, moet jy aanhou met voorlesing, vermaning en lering.  
I Kor 14:29 Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel.
- (d)  
I Kor 11:33 Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar;
- (e)  
I Tim 2:1 In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense;  
I Kor 14:16 Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?
- (f)  
I Kor 16:2 Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insameling nie eers plaasvind as ek kom nie.
- (g)  
Jes 66:23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE.